"(3) Die Registrateur kan, behoudens die bepalings van artikel 24, in die geval van 'n bank wat as sodanig geregistreer is, **[met die instemming van]** na oorleg met die Minister en by skriftelike kennisgewing aan die betrokke instelling sodanige registrasie intrek indien die instelling opgehou het om die bedryf van 'n bank uit te oefen of nie langer in werking is nie.".

Wysiging van artikel 24 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993, artikel 17 van Wet 26 van 1994 en artikel 18 van Wet 19 van 2003

13. Artikel 24 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die Registrateur **[moet, voordat hy of sy kragtens artikel 23 die registrasie van 'n bank intrek of opskort, in 'n skriftelike kennisgewing gerig aan die voorsitter of hoof- uitvoerende beampte van die betrokke instelling]** kan die registrasie van 'n bank kragtens artikel 23 onverwyld opskort by skriftelike kennisgewing aan die voorsitter of hoof- uitvoerende beampte van die betrokke instelling, met dien verstande dat die Registrateur—

(a) die instelling in kennis moet stel van sy of haar voorneme om sodanige registrasie in te trek **[of op te skort, na gelang van die geval]**;

(b) aan die instelling die redes moet verstrek vir die voorgenome intrekking **[of opskorting]**; en

(c) die instelling moet aansê om binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld, wat nie minder as 30 dae vanaf die datum van die kennisgewing mag wees nie, redes aan te voer waarom sy registrasie nie aldus ingetrek **[of opgeskort]** behoort te word nie."; en

(b) deur paragraaf *(a)* in subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* voortgaan met die intrekking **[of opskorting]** ingevolge artikel 23 van die registrasie; of".

Substitution of section 27 of Act 94 of 1990, as substituted by section 20 of Act 19 of 2003

14. The following section is hereby substituted for section 27 of the principal Act:

"**Cancellation of registration at request of bank**

27. The Registrar shall cancel the registration of a bank upon submission to him or her by the institution concerned of a special resolution **[contemplated in section 200 of the Companies Act]** approved by the shareholders holding no less than 75 per cent of the voting rights entitled to vote on the decision authorising such cancellation.".

Substitution of section 28 of Act 94 of 1990, as substituted by section 21 of Act 19 of 2003

15. The following section is hereby substituted for section 28 of the principal Act:

"**Cancellation of registration upon winding up**

28. When the affairs of a bank have been completely wound up as contemplated in **[section 419(1)]** section 82(1) of the Companies Act, the responsible Master of the High Court shall transmit to the Registrar a copy of the certificate referred to in that section, and the Registrar shall upon receipt of such copy cancel the registration of the bank concerned.".

Amendment of section 30 of Act 94 of 1990, as substituted by section 8 of Act 20 of 2007

16. Section 30 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph *(e)* of the following paragraph:

"*(e)* permission granted in respect of the **[compromise,]** amalgamation, merger or arrangement referred to in **[Chapter XII]** Chapter 5 of the Companies Act, where a bank is the principal party to such **[compromise,]** amalgamation, merger or arrangement;".

Amendment of section 32 of Act 94 of 1990, as amended by section 25 of Act 9 of 1993, section 25 of Act 26 of 1994 and section 23 of Act 19 of 2003

17. Section 32 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph *(b)* the following paragraph:

"*(b)* to change its name and its memorandum of **[association and articles of association]** incorporation within the period and in the manner required by the Registrar.".

Amendment of section 38 of Act 94 of 1990, as amended by section 17 of Act 85 of 1992, section 25 of Act 9 of 1993 and section 26 of Act 19 of 2003

18. Section 38 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (2) for paragraphs *(a)*, *(b)* and *(c)* of the following paragraphs, respectively:

"*(a)* in the name of **[a trustee of a unit trust scheme as defined in section 1 of the Unit Trusts Control Act, 1981 (Act No. 54 of 1981), or of a nominated company of the trustee approved by the Registrar of Unit Trust Companies]** the trustee or custodian of a collective investment scheme as defined in section 1 of the Collective Investment Schemes Control Act, 2002 (Act No. 45 of 2002), or of a nominated company of the manager or trustee approved by the Registrar of Collective Investment Schemes;

Vervanging van artikel 27 van Wet 94 van 1990, soos vervang deur artikel 20 van Wet 19 van 2003

14. Subartikel 27 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Intrekking van registrasie op versoek van bank**

27. Die Registrateur moet die registrasie van 'n bank intrek by voorlegging aan hom of haar deur die betrokke instelling van 'n spesiale besluit **[beoog in artikel 200 van die Maatskappywet]** goedgekeur deur aandeelhouers wat minstens 75 persent van die stemregte hou en wat geregtig is om te stem oor die besluit waarby sodanige intrekking gemagtig word.''.

Vervanging van artikel 28 van Wet 94 van 1990, soos vervang deur artikel 21 van Wet 19 van 2003

15. Artikel 28 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Intrekking van registrasie by likwidasie**

28. Wanneer die sake van 'n bank heeltemal gelikwideer is soos beoog in artikel **[419(1)]** artikel 82(1) van die Maatskappywet, moet die verantwoordelike Meester van die Hoë Hof 'n afskrif van die sertifikaat bedoel in daardie artikel aan die Registrateur stuur, en die Registrateur moet by ontvangs van sodanige afskrif die registrasie van die betrokke bank intrek.''.

Wysiging van artikel 30 van Wet 94 van 1990, soos vervang deur artikel 8 van Wet 20 van 2007

16. Artikel 30 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(e)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(e)* toestemming verleen ten opsigte van **['n skikking,]** die amalgamasie, samesmelting of reëling in **[Hoofstuk XII]** Hoofstuk 5 van die Maatskappywet bedoel waar 'n bank 'n hoofparty by sodanige **[skikking,]** amalgamasie, samesmelting of reëling is;''.

Wysiging van artikel 32 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993, artikel 25 van Wet 26 van 1994 en artikel 23 van Wet 19 van 2003

17. Artikel 32 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(b)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(b)* om sy naam en sy akte van oprigting **[en statute]** binne die tydperk en op die wyse deur die Registrateur vereis, te verander.''.

Wysiging van artikel 38 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 17 van Wet 85 van 1992, artikel 25 van Wet 9 van 1993 en artikel 26 van Wet 19 van 2003

18. Artikel 38 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur paragrawe *(a)*, *(b)* en *(c)* in subartikel (2) onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

''*(a)* op naam van **['n trustee van 'n effekte-trustskema soos omskryf in artikel 1 van die Wet [of]** op **Beheer van Effekte-trustskemas, 1981 (Wet No. 54 van 1981), of van 'n genomineerde maatskappy van die trustee wat deur die Registrateur van Effekte-trustmaatskappye goedgekeur is]** die trustee of bewaarder van 'nkollektiewe beleggingskema soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, 2002 (Wet No. 45 van 2002), of van 'n benoemde maatskappy van die bestuurder of trustee deur die Registrateur van Kollektiewe Beleggingskemas goedgekeur;

(b) in the name of any executor, administrator, trustee, curator, guardian or liquidator **[in the circumstances mentioned in section 103(3) of the Companies Act]** in respect of the estate of a deceased member of the bank or controlling company or of a member whose estate has been sequestrated or of a member who is otherwise under disability or as the liquidator of any body corporate in the course of being wound up which is a member of the bank or controlling company;

(c) for a period of not more than six months, in the name of a **[stock-broker or of a company established by such stock-broker for a purpose mentioned in section 12(3) of the Stock Exchanges Control Act, 1985 (Act No. 1 of 1985)]** regulated person as defined in section 1 of the Securities Services Act, 2004 (Act No. 36 of 2004), or of a company controlled by the bank or of an employee of the bank, if it is necessary that the shares be so allotted, issued or registered in order to facilitate delivery to the purchaser or to protect the rights of the beneficiary in respect of those shares or where the beneficiary is not known;''; and

(b) by the substitution in subsection (2) for paragraph *(e)* of the following paragraph:

''*(e)* in the name of a central securities depository as defined in section 1 of the **[Safe Deposit of Securities Act, 1992]** Securities Services Act, 2004 (Act No. 36 of 2004).''.

Amendment of section 43 of Act 94 of 1990, as amended by section 25 of Act 9 of 1993, section 34 of Act 26 of 1994, section 30 of Act 19 of 2003 and section 10 of Act 20 of 2007

19. Section 43 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph *(b)* the following paragraph:

''*(b)* which is a **[controlling]** holding company, as defined in section 1 of the Companies Act, in respect of any other public company which has applied in terms of section 16 for registration as a bank,''.

Amendment of section 44 of Act 94 of 1990, as amended by section 10 of Act 9 of 1993 and section 31 of Act 19 of 2003

20. Section 44 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (2) for paragraph *(c)* the following paragraph:

''*(c)* that no provision of the memorandum of **[association and articles of association]** incorporation of the applicant is inconsistent with a provision of this Act or is undesirable in so far as it concerns banks;''.

Substitution of section 47 of Act 94 of 1990, as substituted by section 32 of Act 19 of 2003

21. The following section is hereby substituted for section 47 of the principal Act:

''**Cancellation of registration at request of controlling company**

47. The Registrar shall cancel the registration of the controlling company upon submission to him or her by the controlling company of a special resolution **[contemplated in section 200 of the Companies Act]** approved by the shareholders holding no less than 75 per cent of the voting rights entitled to vote on the decision authorising such cancellation.''.

(b) op naam van 'n eksekuteur, administrateur, kurator, voog of likwidateur **[in die omstandighede in artikel 103(3) van die Maatskappywet vermeld]** ten opsigte van die boedel van 'n ontslape lid van die bank of beherende maatskappy of van 'n lid wie se boedel gesekwestreer is of van 'n lid wat andersins onbevoeg verklaar is of as die likwidateur van 'n regspersoon wat gelikwideer word wat 'n lid van die bank of beherende maatskappy is;

(c) vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, op naam van 'n **[effektemakelaar of van 'n maatskappy deur so 'n effektemakelaar gestig vir 'n doel vermeld in artikel 12(3) van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985 (Wet No. 1 van 1985)]** gereguleerde persoon soos omskryf in artikel 1 van die 'Securities Services Act, 2004' (Wet No. 36 van 2004), of van 'n maatskappy wat deur die bank beheer word of van 'n werknemer van die bank, indien dit nodig is dat die aandele aldus toegewys, uitgereik of geregistreer word ten einde lewering aan die koper te vergemaklik of die regte van die begunstigde ten opsigte van daardie aandele te beskerm of waar die begunstigde nie bekend is nie;"; en

(b) deur paragraaf *(e)* in subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(e)* op naam van 'n sentrale effektebewaarnemer soos in artikel 1 van die **[Wet op die Veilige Bewaring van Effekte, 1992]** 'Securities Services Act, 2004' (Wet No. 36 van 2004), omskrywe.".

Wysiging van artikel 43 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993, artikel 34 van Wet 26 van 1994, artikel 30 van Wet 19 van 2003 en artikel 10 van Wet 20 van 2007

19. Artikel 43 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(b)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* wat 'n **[beherende maatskappy]** houermaatskappy, soos omskryf in artikel 1 van die Maatskappywet, is ten opsigte van 'n ander publieke maatskappy wat ingevolge artikel 16 aansoek gedoen het om registrasie as 'n bank,".

Wysiging van artikel 44 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 9 van 1993 en artikel 31 van Wet 19 van 2003

20. Artikel 44 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(c)* in subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* dat geen bepaling van die akte van oprigting **[of statute]** van die aansoeker met 'n bepaling van hierdie Wet onbestaanbaar is of ongewens is sover dit banke betref nie;".

Vervanging van artikel 47 van Wet 94 van 1990, soos vervang deur artikel 32 van Wet 19 van 2003

21. Artikel 47 van die Hoofwet word hierby deur die volgende subartikel vervang:

"**Intrekking van registrasie op versoek van beherende maatskappy**

47. Die Registrateur moet die registrasie van 'n beherende maatskappy intrek by voorlegging aan hom of haar deur die beherende maatskappy van 'n spesiale besluit **[beoog in artikel 200 van die Maatskappywet]** goedgekeur deur aandeelhouers wat minstens 75 persent van die stemregte hou en wat stemrgeregtig is oor die besluit waarby sodanige intrekking gemagtig word.".

Amendment of section 51 of Act 94 of 1990, as amended by sections 11 and 25 of Act 9 of 1993 and section 34 of Act 19 of 2003

22. Section 51 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* the provisions of sections 128 to 155 of the Companies Act relating to business rescue and compromise with creditors shall not apply to a bank."; and

(b) by the substitution in subsection (2) for paragraph *(c)* of the following paragraph:

"*(c)* the administration of which vests in the **[Registrar of Companies]** Commissioner, shall in respect of companies registered as banks or as controlling companies vest in the Registrar.".

Amendment of section 52 of Act 94 of 1990, as amended by section 3 of Act 55 of 1996, section 35 of Act 19 of 2003 and section 12 of Act 20 of 2007

23. Section 52 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph *(c)* of the following paragraph:

"*(c)* acquire an interest in any undertaking having its registered office or principal place of business outside the Republic: Provided that the Registrar may issue a directive, with or without conditions, specifying the circumstances under which a bank will be permitted to notify the Registrar of such an acquisition without having to obtain the prior written approval of the Registrar;".

Amendment of section 54 of Act 94 of 1990, as substituted by section 6 of Act 42 of 1992 and amended by sections 12 and 25 of Act 9 of 1993, Proclamation No. 132 of 1994, section 36 of Act 26 of 1994, section 5 of Act 55 of 1996, section 36 of Act 19 of 2003, section 13 of Act 20 of 2007 and section 90 of Act 17 of 2009

24. Section 54 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for the heading of the following heading:

"**Amalgamations, mergers and arrangements**";

(b) by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* **[a compromise,]** an amalgamation, merger or arrangement referred to in **[Chapter XII]** Chapter 5 of the Companies Act and which involves a bank as one of the principal parties to the relevant transaction; and";

(c) by the substitution in subsection (4) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"Any **[compromise,]** amalgamation or merger or **[arrangement or]** any arrangement for the transfer of assets, liabilities or assets and liabilities, referred to in subsection (1) or (1B), excluding a transfer other than a transfer referred to in subsection (2)*(c)* or (2A)*(c)* shall be subject—";

(d) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) Notice of the passing of the resolution confirming, as contemplated in subsection (4), any **[compromise,]** amalgamation or merger or **[arrangement or]** any arrangement for the transfer of assets, liabilities or assets and liabilities referred to in subsection (1) or (1B), together with a copy of such resolution and the terms and conditions of the relevant agreement or arrangement, duly certified by the chairperson of the meeting at which such resolution was passed and by the secretary of the bank or person concerned, shall be sent to the Registrar by each of the banks involved or, in the case of a transaction effecting the transfer of assets, liabilities or assets and liabilities of one bank to another bank or a person as contemplated in subsection (2)*(c)* or (2A)*(c)*, by the relevant transferor bank and the bank or person taking transfer of such assets, liabilities or assets and liabilities, and after having received such notices from all the parties to the relevant agreement or arrangement, the Registrar shall register those notices.";

Wysiging van artikel 51 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikels 11 en 25 van Wet 9 van 1993 en artikel 34 van Wet 19 van 2003

22. Artikel 51 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf *(b)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* die bepalings van artikels 128 tot 155 van die Maatskappywet wat met ondernemingsredding en skikking met krediteure verband hou is nie op 'n bank van toepassing nie."; en

(b) deur paragraaf *(c)* in subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* waarvan die uitvoering by die **[Registrateur van Maatskappye]** Kommissaris berus, ten opsigte van maatskappye wat as banke of as beherende maatskappye geregistreer is, by die Registrateur berus.".

Wysiging van artikel 52 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 55 van 1996, artikel 35 van Wet 19 van 2003 en artikel 12 van Wet 20 van 2007

23. Artikel 52 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(c)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* 'n belang in 'n onderneming wat sy geregistreerde kantoor of hoofbesigheidsplek buite die Republiek het, verkry nie: Met dien verstande dat die Registrateur 'n lasgewing kan uitreik, met of sonder voorwaardes, wat die omstandighede spesifiseer waaronder 'n bank toegelaat sal word om die Registrateur van so 'n verkryging in kennis te stel sonder dat dit nodig is om vooraf skriftelike goedkeuring van die Registrateur te verkry;".

Wysiging van artikel 54 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 42 van 1992 en gewysig deur artikels 12 en 25 van Wet 9 van 1993, Proklamasie No. 132 van 1994, artikel 36 van Wet 26 van 1994, artikel 5 van Wet 55 van 1996, artikel 36 van Wet 19 van 2003, artikel 13 van Wet 20 van 2007 en artikel 90 van Wet 17 van 2009

24. Artikel 54 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

"**Amalgamasies, samesmeltings en reëlings**";

(b) deur paragraaf *(a)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* 'n **[skikking,]** amalgamasies, samesmelting of reëling bedoel in **[Hoofstuk XII]** Hoofstuk 5 van die Maatskappywet en waarby 'n bank as een van die hoofpartye by die tersaaklike transaksie betrokke is; en";

(c) deur in subartikel (4) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

" 'n **[Skikking, amalgamasie]** Amalgamasie of samesmelting of **[reëling, of]** 'n reëling vir die oordrag van bates, laste of bates en laste, bedoel in subartikel (1) of (1B), uitgesonderd 'n ander oordrag as 'n oordrag bedoel in subartikel (2)*(c)* of (2A)*(c)*, is onderworpe—";

(d) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

"(5) 'n Kennisgewing dat 'n besluit ter bekragtiging, soos beoog in subartikel (4), van 'n **[skikking,]** amalgamasie of samesmelting of **[reëling, of]** van 'n reëling vir die oordrag van bates, laste of bates en laste in subartikel (1) of (1B) bedoel, geneem is, moet deur elkeen van die betrokke banke of, in die geval van 'n transaksie waarby die oordrag van bates, laste of bates en laste van een bank aan 'n ander bank of 'n persoon bewerkstellig word soos beoog in subartikel (2)*(c)* of (2A)*(c)*, deur die betrokke oordraggewende bank en die bank of persoon wat oordrag van sodanige bates, laste of bates en laste neem, aan die Registrateur gestuur word, tesame met 'n afskrif van sodanige besluit en die bedinge en voorwaardes van die betrokke ooreenkoms of reëling wat behoorlik deur die voorsitter van die vergadering waarop dié besluit geneem is en deur die sekretaris van die betrokke bank of persoon gesertifiseer is, en na ontvangs van sodanige kennisgewings van al die partye by die betrokke ooreenkoms of reëling moet die Registrateur daardie kennisgewings registreer.";

(e) by the substitution in subsection (8) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"The **[Registrar of Companies]** Commissioner, every Master of the High Court and every officer or person in charge of a deeds registry or any other office, if, in the office of such **[Registrar]** Commissioner, Master, officer or person or any register under the control of such **[Registrar]** Commissioner, Master, officer or person there—";

(f) by the substitution in subsection (8) for the words following paragraph (ii) of the following words:

"and upon production to such **[Registrar]** Commissioner, Master, officer or person of any relevant deed, bond, share, stock, debenture, certificate, letter of appointment, licence or other document, make such endorsements thereon and effect such alterations in the registers of such **[Registrar]** Commissioner, Master, officer or person as may be necessary to record the transfer of the relevant property, bond or other right, share, stock, debenture, marketable security, letter of appointment or licence and of any rights thereunder to the amalgamated bank or, as the case may be, to the bank or person that has taken transfer of the said assets, liabilities or assets and liabilities in question.";

(g) by the substitution in subsection (8A) for the words following paragraph *(b)* of the following words:

"upon submission to the **[Registrar of Companies]** Commissioner, or the Master, officer or person referred to in subsection (8), as the case may be, of a written confirmation by the Registrar of Banks that the Minister, on the recommendation of the last-mentioned Registrar and after consultation with the Commissioner of the South African Revenue Service has consented to the waiver of such tax, fees or charges.";

(h) by the deletion of subsection (10);

(i) by the substitution in subsection (11) for paragraphs *(a)* and *(b)* of the following paragraphs, respectively:

"*(a)* **[Chapter XVA]** Chapter 5 of the Companies Act; or

(b) the **[Securities Regulation Code on Take-overs and Mergers published by *Government Notice* No. R.29 dated 18 January 1991, and any amendment thereof; or]** Fundamental Transactions and Takeover Regulations contained in Chapter 5 of the Companies Regulations, 2011, published under Government Notice R. 351 in *Government Gazette* No. 34239 on 26 April 2011,";

(j) by the deletion in subsection (11) of paragraph *(c)*; and

(k) by the substitution in subsection (11) for the words following paragraph *(c)* and preceding paragraph (ii) of the following words:

"neither the **[Securities Regulation]** Takeover Regulation Panel established **[by section 440B]** in terms of section 196 of the Companies Act nor its executive committee or its executive director shall furnish any clearance, decision or ruling in respect of a matter submitted to it or such executive director in terms of the provisions of **[the above-mentioned Code or Rules]** Chapter 5 of the Companies Act and the Takeover Regulations, and which matter relates to an affected transaction, as defined in section **[440A(1)]** 117 of the Companies Act involving—".

Amendment of section 55 of Act 94 of 1990

25. Section 55 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* in respect of which annual financial statements are required to be made out in terms of **[section 288 (1)]** section 30 of the Companies Act; and".

(e) deur in subartikel (8) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Die **[Registrateur van Maatskappye]** Kommissaris, elke Meester van die Hoë Hof en elke beampte of persoon wat aan die hoof staan van 'n registrasiekantoor van aktes of enige ander kantoor, indien daar, in die kantoor van so 'n **[Registrateur]** Kommissaris, Meester, beampte of persoon of enige register onder die beheer van so 'n **[Registrateur]** Kommissaris, Meester, beampte of persoon—";

(f) deur in subartikel (8) die woorde wat op paragraaf (ii) volg deur die volgende woorde te vervang:

"en by voorlegging aan so 'n **[Registrateur]** Kommissaris, Meester, beampte of persoon van 'n tersaaklike akte, verbandakte, aandeel, effek, skuldbrief, sertifikaat, aanstellingsbrief, lisensie of ander stuk, die endossemente daarop aanbring en die veranderings in die registers van so 'n **[Registrateur]** Kommissaris, Meester, beampte of persoon aanbring wat nodig is om die oordrag van die betrokke goed, verband of ander reg, aandeel, effek, skuldbrief, verhandelbare sekuriteit, of lisensie en van enige regte daarkragtens aan die geamalgameerde bank of, na gelang van die geval, aan die bank of persoon wat oordrag van bedoelde onderhawige bates, laste of bates en laste geneem het, te boekstaaf.";

(g) deur in subartikel (8A) die woorde wat op paragraaf *(b)* volg deur die volgende woorde te vervang:

"by voorlegging aan die **[Registrateur van Maatskappye]** Kommissaris, of die Meester, beampte of persoon bedoel in subartikel (8), na gelang van die geval, van 'n skriftelike bevestiging deur die Registrateur van Banke dat die Minister op aanbeveling van laasgenoemde Registrateur en na oorleg met die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens tot die kwytskelding van sodanige belasting of gelde toegestem het.";

(h) deur subartikel (10) te skrap;

(i) deur paragrawe *(a)* en *(b)* in subartikel (11) onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(a)* Hoofstuk **[XVA]** 5 van die Maatskappywet; of

(b) die **[Sekuriteitereguleringskode vir Oornames en Samesmeltings afgekondig by *Goewermentskennisgewing* No. R.29 gedateer 18 Januarie 1991, en enige wysiging daarvan; of]** Fundamentele Transaksies en Oornameregulasies vervat in Hoofstuk 5 van die Maatskappyregulasies, 2011, kragtens Goewermentskennisgewing R. 351 in *Staatskoerant* No. 34239 op 26 April 2011, gepubliseer,";

(j) deur paragraaf *(c)* in subartikel (11) te skrap; en

(k) deur in subartikel (11) die woorde wat op paragraaf *(c)* volg en paragraaf (ii) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"mag nóg die Paneel oor **[Sekuriteitereregulering]** Oornameregulering ingestel **[by artikel 440B]** ingevolge artikel 196 van die Maatskappywet nóg die uitvoerende komitee of uitvoerende direkteur daarvan enige uitklaring, beslissing of uitsluitsel verstrek ten opsigte van 'n aangeleentheid wat ingevolge die bepalings van **[bogenoemde Kode of Reëls]** Hoofstuk 5 van die Maatskappywet en die Oornameregulasies aan daardie Paneel, komitee of uitvoerende direkteur voorgelê word, en welke aangeleentheid betrekking het op 'n geaffekteerde transaksie, soos omskryf in artikel **[440A(1)]** 117 van die Maatskappywet, wat—".

Wysiging van artikel 55 van Wet 94 van 1990

25. Artikel 55 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* ten opsigte waarvan groeps- finansiële jaarstate opgestel moet word ingevolge **[artikel 288(1)]** artikel 30 van die Maatskappywet; en".

Amendment of section 56 of Act 94 of 1990, as amended by section 25 of Act 9 of 1993 and section 37 of Act 19 of 2003

26. Section 56 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for the heading of the following heading:
"**Alteration of memorandum of incorporation, and change of name**";

(b) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:
"(1) No—
(a) alteration, in terms of section **[55, 56 or 62]** 16 of the Companies Act, of the memorandum of **[association or articles of association]** incorporation of a company registered as a bank; or
(b) change, in terms of section **[44]** 16(8) of the Companies Act, of the name of any such company,
shall have legal force for the purposes of this Act or any other law unless such alteration or change has been approved in writing by the Registrar prior to the registration thereof by the **[Registrar of Companies]** Commissioner.";

(c) by the substitution for subsection (4) for the following subsection:
"(4) A bank shall within 21 days of the registration by the **[Registrar of Companies]** Commissioner of an alteration of its memorandum of **[association or articles of association]** incorporation or a change of its name, furnish the Registrar with a certified copy of the special resolution which sets out the alteration or change of name, as the case may be.";

(d) by the substitution in subsection (5) for paragraph *(a)* of the following paragraph:
"*(a)* in the case of a special resolution relating to an alteration of a memorandum of **[association or articles of association]** incorporation, register the alteration in question and issue to the bank concerned a certificate to the effect that the said alteration has been registered by the Registrar with effect from a date specified in the certificate; or"; and

(e) by the substitution for subsection (7) of the following subsection:
"(7) The provisions of subsections (1), (2) and (3) shall not apply with respect to any alteration of a bank's memorandum of **[association or articles of association]** incorporation in accordance with a direction by the Registrar under this Act.".

Substitution of section 57 of Act 94 of 1990, as amended by section 25 of Act 9 of 1993 and section 38 of Act 19 of 2003

27. The following section is hereby substituted for section 57 of the principal Act:

"**Alteration of memorandum of [association or articles of association] incorporation in accordance with direction of Registrar**

57. (1) The Registrar may at any time in writing direct a bank to effect such alteration, not contrary to a provision of this Act, to its memorandum of **[association or articles of association]** incorporation as the Registrar may deem desirable in order to remove anomalies or undesirable divergences in the activities of different banks.

(2) An alteration directed by the Registrar under subsection (1) shall on or before the day of the first annual general meeting, referred to in **[section 179]** section 61(7) of the Companies Act, following upon the date of such direction, be submitted for consideration to the shareholders of the bank concerned.

(3) If a bank refuses or fails to alter its memorandum of **[association or articles of association]** incorporation in accordance with a direction of the Registrar under subsection (1), the Registrar may submit a copy of that direction to the **[Registrar of Companies]** Commissioner, who shall thereupon deal with the proposed alteration contained therein in accordance with the Companies Act as if it were contained in a special resolution adopted by the bank concerned and submitted to the **[Registrar of Companies]** Commissioner by that bank in accordance with that Act.".

Wysiging van artikel 56 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993 en artikel 37 van Wet 19 van 2003

26. Artikel 56 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

"**Wysiging van akte van oprigting, en verandering van naam**";

(b) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Geen—

(a) wysiging, ingevolge artikel **[55, 56 of 62]** 16 van die Maatskappywet, van die akte van oprigting **[of statute]** van 'n maatskappy wat as 'n bank geregistreer is; of

(b) verandering, ingevolge artikel **[44]** 16(8) van die Maatskappywet, van die naam van so 'n maatskappy,

het vir die doeleindes van hierdie Wet of enige ander wet regskrag nie tensy daardie wysiging of verandering skriftelik deur die Registrateur goedgekeur is voor die registrasie daarvan deur die **[Registrateur van Maatskappye]** Kommissaris.";

(c) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) 'n Bank moet binne 21 dae na die registrasie deur die **[Registrateur van Maatskappye]** Kommissaris van 'n wysiging van sy akte van oprigting **[of statute]** of 'n verandering van sy naam, aan die Registrateur 'n gewaarmerkte afskrif verstrek van die spesiale besluit waarin die wysiging of naamsverandering, na gelang van die geval, uiteengesit word.";

(d) deur paragraaf *(a)* in subartikel (5) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* in die geval van 'n spesiale besluit betreffende 'n wysiging van 'n akte van oprigting **[of van statute]**, die betrokke wysiging registreer en aan die betrokke bank 'n sertifikaat uitreik ten effekte dat genoemde wysiging deur die Registrateur geregistreer is met ingang van 'n datum in die sertifikaat vermeld; of"; en

(e) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

"(7) Die bepalings van subartikels (1), (2) en (3) is nie van toepassing nie met betrekking tot 'n wysiging van 'n bank se akte van oprigting **[of statute]** ooreenkomstig 'n lasgewing deur die Registrateur kragtens hierdie Wet.".

Vervanging van artikel 57 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993 en artikel 38 van Wet 19 van 2003

27. Artikel 57 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Wysiging van akte van oprigting [of statute] ooreenkomstig lasgewing van Registrateur**

57. (1) Die Registrateur kan te eniger tyd 'n bank skriftelik gelas om die wysiging, wat nie met 'n bepaling van hierdie Wet onbestaanbaar is nie, aan sy akte van oprigting **[of statute]** aan te bring wat die Registrateur wenslik ag ten einde ongerymdhede of ongewenste afwykings in die bedrywighede van verskillende banke te verwyder.

(2) 'n Wysiging kragtens subartikel (1) deur die Registrateur gelas, moet voor of op die dag van die eerste algemene jaarvergadering, bedoel in **[artikel 179]** artikel 61(7) van die Maatskappywet, wat volg op die datum van sodanige lasgewing, aan die aandeelhouers van die bank vir oorweging voorgelê word.

(3) Indien 'n bank weier of versuim om sy akte van oprigting **[of statute]** te wysig ooreenkomstig 'n lasgewing van die Registrateur kragtens subartikel (1), kan die Registrateur 'n afskrif van daardie lasgewing aan die **[Registrateur van Maatskappye]** Kommissaris voorlê, waarop daardie Registrateur met die voorgestelde wysiging daarin vervat ooreenkomstig die Maatskappywet moet handel asof dit vervat is in 'n spesiale besluit wat deur die betrokke bank aangeneem en deur daardie bank ooreenkomstig daardie Wet aan die **[Registrateur van Maatskappye]** Kommissaris voorgelê is.".

Substitution of section 58 of Act 94 of 1990, as substituted by section 37 of Act 26 of 1994

28. The following section is hereby substituted for section 58 of the principal Act:

"**Information regarding directors and officers**

58. Every bank and every controlling company shall within 30 days of its registration as such, furnish the Registrar with a copy of its **[register]** record of directors and officers **[referred to in section 215 of the Companies Act]**.".

Amendment of section 60 of Act 94 of 1990, as substituted by section 1 of Act 81 of 1991 and amended by section 25 of Act 9 of 1993, section 39 of Act 26 of 1994, section 40 of Act 19 of 2003 and section 15 of Act 20 of 2007

29. (1) Section 60 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) **[Each]** Without derogating from the application of sections 77 and 78 of the Companies Act, each director, chief executive officer and executive officer of a bank owes a fiduciary duty and a duty of care and skill to the bank of which such person is a director, chief executive officer or executive officer.";

(b) by the substitution in subsection (1A) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"**[Each]** Without derogating from the application of sections 77 and 78 of the Companies Act, each director, chief executive officer and executive officer of a bank owes a duty towards the bank to—";

(c) by the substitution in subsection (1B) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* The Registrar may institute action in terms of section 77 of the Companies Act or section 424 of the Companies Act, 1973 (Act 61 of 1973), against any director, chief executive officer or executive of the Bank who was knowingly a party to the carrying out of the business of the bank in the manner envisaged in that section.";

(d) by the addition in subsection (5) to paragraph *(a)* of the following proviso:

": Provided that the Registrar may return the written notice to the bank concerned on the grounds that it is incomplete or that it contains an error, in which case the requirement for the Registrar to object to the appointment within a period of 20 working days is stayed"; and

(e) by the addition of the following subsection:

"(8) A bank or a controlling company shall not appoint any person to a position of, or refer to any employee as, a director unless that person or employee has been appointed as a director of that bank or controlling company in terms of section 66 of the Companies Act.".

(2) The provisions of subsection (1)*(e)* come into force on a date 12 months after the date on which this Act takes effect.

Amendment of section 61 of Act 94 of 1990, as amended by section 14 of Act 9 of 1993 and section 42 of Act 19 of 2003

30. Section 61 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"Notwithstanding the provisions of **[Chapter X]** Part C of Chapter 3 of the Companies Act—";

Vervanging van artikel 58 van Wet 94 van 1990, soos vervang deur artikel 37 van Wet 26 van 1994

28. Artikel 58 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Inligting aangaande direkteure en beamptes**

58. Elke bank en elke beherende maatskappy moet binne 30 dae na sy registrasie as sodanig, die Registrateur voorsien van 'n afskrif van sy **[register]** rekord van direkteure en beamptes **[bedoel in artikel 215 van die Maatskappywet]**.''.

Wysiging van artikel 60 van Wet 94 van 1990, soos vervang deur artikel 1 van Wet 81 van 1991 en gewysig deur artikel 25 van Wet 9 van 1993, artikel 39 van Wet 26 van 1994, artikel 40 van Wet 19 van 2003 en artikel 15 van Wet 20 van 2007

29. (1) Artikel 60 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) **[Elke]** Sonder om afbreuk te doen aan die toepassing van artikels 77 en 78 van die Maatskappywet, het elke direkteur, hoof- uitvoerende beampte en uitvoerende beampte van 'n bank **[het]** 'n vertrouensplig en 'n sorgsaamheids- en kundigheidsplig teenoor die bank waarvan so 'n persoon 'n direkteur, hoof- uitvoerende beampte of uitvoerende beampte is.'';

(b) deur in subartikel (1A) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''**[Elke]** Sonder om afbreuk te doen aan die toepassing van artikels 77 en 78 van die Maatskappywet, het elke direkteur, hoof- uitvoerende beampte en uitvoerende beampte van 'n bank **[het]** 'n plig teenoor die bank om—'';

(c) deur paragraaf *(a)* in subartikel (1B) deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* Die Registrateur kan ingevolge artikel 77 van die Maatskappywet of artikel 424 van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), 'n aksie instel teen enige direkteur, hoof- uitvoerende beampte of uitvoerende beampte van 'n bank wat wetens deelgeneem het aan die uitoefening van die bedryf van die bank op die wyse wat in daardie artikel beoog word.'';

(d) deur in subartikel (5) die volgende voorbehoudsbepaling tot paragraaf *(a)* by te voeg:

'': Met dien verstande dat die Registrateur die skriftelike kennisgewing na die betrokke bank kan terugstuur op grond daarvan dat dit onvolledig is of dat dit 'n fout in het, in welke geval die vereiste vir die Registrateur om binne 'n tydperk van 20 dae teen die aanstelling beswaar te maak, opgeskort word''; en

(e) deur die volgende subartikel by te voeg:

''(8) 'n Bank of beherende maatskappy stel nie enige persoon in 'n posisie van 'n direkteur aan nie, of verwys nie na 'n werknemer as 'n direkteur nie, tensy daardie persoon of werknemer ingevolge artikel 66 van die Maatskappywet as 'n direkteur van daardie bank of beherende maatskappy aangestel is.''.

(2) Die bepalings van subartikel (1)*(e)* word van krag op 'n datum 12 maande na die datum waarop hierdie Wet in werking tree.

Wysiging van artikel 61 van Wet 94 van 1990, soos gewysig deur artikel 14 van Wet 9 van 1993 en artikel 42 van Wet 19 van 2003

30. Artikel 61 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''Ondanks die bepalings van **[Hoofstuk X]** Deel C van Hoofstuk 3 van die Maatskappywet—'';

(b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) A bank or a controlling company shall within 30 days of the appointment in accordance with the provisions of **[Chapter X]** Part C of Chapter 3 of the Companies Act of a person as auditor thereof, apply to the Registrar on the prescribed form for the Registrar's approval of such appointment.";

(c) by the substitution in subsection (3)*(b)* for subparagraph (iii) of the following subparagraph:

"(iii) is under investigation by the **[Public Accountants' and Auditors' Board]** Independent Regulatory Board for Auditors; or"; and

(d) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) A person appointed under subsection (4) as auditor of a bank shall for the purpose of **[Chapter X]** Part C of Chapter 3 of the Companies Act be deemed to have been so appointed as auditor at the immediately preceding annual general meeting of the bank.".

Amendment of section 62 of Act 94 of 1990, as amended by section 25 of Act 9 of 1993

31. Section 62 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) If a bank for any reason fails to appoint an auditor the Registrar may, notwithstanding the provisions of sections **[269(4) and 271(1)]** 90 and 91 of the Companies Act make the necessary appointment.".

